INDEPENDENT REGULATORY BOARD FOR AUDITORS

Oproep vir nominasies om te dien op die Onafhanklike Regulerende Raad vir Ouditeure (Independent Regulatory Board for Auditors - IRBA)

Ingevolge artikel 11 van die Wet op die Ouditprofessie, Wet 26 van 2005, moet die Minister van Finansies nie meer as 10 nie-uitvoerende lede op die Independent Regulatory Board for Auditors (IRBA).

Die algemene funksies van die IRBA is om –

- stappe te neem om die integriteit van die ouditprofessie te bevorder, insluitend om:
  - beweerde onbehoorlike gedrag te ondersoek;
  - dissiplinêre verhore aan te voer;
  - sanksies vir onbehoorlike gedrag in te stel; en
  - praktykoorsigte of inspeksies uit te voer;
- stappe te neem wat nodig geag word om die publiek te beskerm in hul omgang met geregistreerde ouditeure;
- standaarde vir professionele bevoegdheid, etiek en gedrag van geregistreerde ouditeure voor te skryf;
- opvoeding in verband met, en navorsing oor, enige aangeleentheid wat die ouditprofessie raak aan te moedig; en
- ouditstandaarde voor te skryf.

Die Minister van Finansies moet bevoegde persone, insluitend geregistreerde ouditeure, aanstel om die aktiwiteite van die IRBA doeltreffend te lei, gegrond op hul kennis en ondervinding.

'n Lid van die IRBA wat ingevolge artikel 11 van die Wet aangestel word, sal die amp beklee vir 'n tydperk wat nie twee jaar oorskry nie, en kan heraangestel word, maar mag nie vir meer as twee opeenvolgende ampstydperke dien nie.

Verkiesbare persone wat vir aanstelling oorweeg wil word, word genooi om aansoeke in te dien by:

Die Voorsitter
Nominasies Komitee
IRBA
p/a Die Hoof- Uitvoerende Beampte
Posadres: Posbus 751595, Garden View, 2047
Docex: Docex 158, Johannesburg

Of per e-pos by executive@irba.co.za

Elke aansoek moet 'n curriculum vitae insluit waarin die aansoeker se kennis, ondervinding en geskiktheid as raadslid uiteen gesit word, asook afskrifte van die aansoeker se kwalifikasies. 'n Standaard aansoekvorm, asook verdere inligting in verband met die IRBA, is beskikbaar op die IRBA se webwerf by www.irba.co.za/theboard/committees Die aansoekvorm moet deur alle aansoekers voltooi word.

Die sluitingsdatum vir die ontvangs van aansoeke is 15 Augustus 2010. Let asseblief daarop dat die IRBA aansoekers slegs sal kontak indien hul aansoeke suksesvol is.

Vir verdere inligting kontak Bernard Agulhas by 087 940 8800 of bagulhas@irba.co.za

irba
INDEPENDENT REGULATORY BOARD FOR AUDITORS